Jorrie die lorrie



Jorrie is 'n klein geel wiplorrie.
Elke dag wens hy hy was groter.

Eendag sit Jorrie en kyk hoe 'n vinnige, blou trein verbyry.

"Ek wens ek was 'n vinnige, blou trein," sê Jorrie vir homself.





STOP

Toe sien Jorrie 'n groot, oranje bus.

"Ek wens ek was 'n groot, oranje bus," sê hy.




STOP

Later sien Jorrie 'n groot, blink, wit vliegtuig wat hoog in die lug vlieg.

"Ek wens ek was 'n groot, blink, wit vliegtuig," sê hy.






Die volgende dag sien Jorrie 'n groot, rooi lorrie op die pad.

"Ag, ek wens ek was 'n groot, rooi lorrie," sug hy.






Daardie middag, toe Jorrie by die rivier sit en rus, sien hy 'n heldergroen boot verbyvaar.

"Ek wens ek was 'n heldergroen boot," sê hy hartseer vir homself.

Kort daarna sien Jorrie 'n vinnige, rooi sportmotor.

"Ek wens ek was so vinnig soos daardie rooi sportmotor!" roep hy uit.




Op daardie oomblik sien Jorrie hoe 'n seuntjie in die rivier inval.


"Help!" roep die seun. "Wie sal my kom help?"



Help!


"Nie ek nie," sê die trein.
"Ek kan nie stilhou nie."



"Nie ek nie," sê die bus. "Ek kan net by bushaltes stilhou."







"Nie ons nie," sê die lorrie en die sportmotor. "Ons kan nie in die water ingaan nie."



"Nie ek nie," sê die vliegtuig.
"Ek vlieg te hoog."

"Nie ek nie," sê die boot. "Die wind waai te sterk. Ek kan nie omdraai nie."



"Ek sal jou help!" roep Jorrie dapper uit.

Hy stort gou al die klippe in sy wipbak op die grond uit. Toe laat hy sy wipbak in die water sak, sodat die seun kan inklim.

"Jippie!" roep die seun. "Ek is veilig!"




Jippie!

"Baie dankie, dapper klein lorrie!" roep die seun.

Jy hoef nie groot te wees om dapper te wees nie.















Lorries

Wiplorries dra swaar vragte. Ons gebruik hulle wanneer ons sand en bakstene wil vervoer. Wanneer die sand afgelaai moet word, wip die lorrie sy wipbak en die sand gly vanself af.















Noodvoertuie

Mense wat ons help, gebruik spesiale voertuie.
Brandbestryders ry op brandweerwaens om brande te blus.
Wanneer ons siek is, word 'n ambulans gestuur.
Wanneer 'n voertuig na 'n motorongeluk weggesleep moet word, bel ons 'n insleepvoertuig.
Wanneer ons hulp op see nodig het, laat ons 'n reddingsboot kom.
Wanneer iemand gou by 'n hospitaal moet kom, bel ons 'n reddingshelikopter.
Wanneer die polisie mense in hegtenis neem, gebruik hulle 'n vangwa.
















Groepleesaktiwiteite



1 Gebruik hierdie prente om die storie in jou eie woorde aan jou maat oor te vertel.









2 Lees hierdie vrae en beantwoord dit saam met jou maat.

a. Wat is die titel van die storie?
b. Wat is die naam van die hoofkarakter?
c. Noem twee dinge wat Jorrie graag wou wees.
d. Hoe weet ons dat Jorrie dapper was?



3 Waarom kon die ander voertuie die seun nie help nie? Voltooi die sinne hieronder in jou klaswerkboek.

	Die _____ sê: "Ek kan nie help nie want ..."
	
	
	
	
	
	



4 Skryf die eerste woord van elke ry in jou klaswerkboek neer. Skryf dan die woorde in elke ry wat daarmee rym, langsaan neer.

vaar	waar	maar	voor
geel	deel	deeg	meel
groot	boor	boot	poot
jaag	gaap	laag	waag
wees	fees	lees	leer
soos	roos	kaas	Koos



5 Skryf twee tot vier sinne oor **Jorrie die lorrie** in jou klaswerkboek.
Teken 'n prent om jou sinne te illustreer.
Skryf 'n onderskrif vir jou prent.